- DIE NASIONALE DEMOKRATIESE REWOLUSIE -

POLITIES STRATEGIESE PERSPEKTIEWE

'n Besprekingsdokument opgestel vir die Afrikanerbond deur Prof. André Duvenhage, Noordwes Universiteit

JULIE 2008

DIE ANC EN DIE NASIONALE DEMOKRATIESE REWOLUSIE – POLITIES STRATEGIESE PERSPEKTIEWE

1 ***Ter inleiding:***

Onlangs het die leier van die amptelike opposisie (Helen Zille) die volgende gesê: "*The ANC's National Democratic Revolution (NDR) is not only incompatible with democracy, but it lies at the heart of virtually every crisis we face. The electricity crisis, the arms deal, the manipulation of the criminal justice system, the weakening of parliament and threats to the media and the judiciary can all be traced back to the NDR."* Die ANC se reaksie hierop was: *"Our tasks are clear: We must advance in unity as we mobilise the masses to build a caring national democratic society. Our National Democratic Revolution will not be halted" (ANC Today*, 22 – 28 Februarie 2008:3, 6).

By die onlangse Polokwane Konferensie van die ANC is dié organisasie se verbintenis tot die NDR opnuut herbevestig en word sake soos armoedeverligting, werkskepping en groter sosiale en ekonomiese gelykheid as belangrike prioriteite van die "Rewolusie" beskou. By nadere beskouing blyk dit egter dat die NDR 'n direkte uitvloeisel is van komplekse ideologiese denkrigtings soos geanker binne die breër raamwerk van die filosofie en ideologie van rewolusie en soos aangepas by eiesoortige Suid-Afrikaanse politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede. Politieke transformasie en sy onderliggende filosofie verteenwoordig eintlik maar net 'n bepaalde gesig of fase van die NDR en sluit nie ander gesigte, perspektiewe en strategieë (histories of toekomstig) noodwendig uit nie. Die volgende aspekte moet teen hierdie agtergrond beklemtoon word:

- Die NDR definieer die "religie" van die denke van die Nasionale Demokratiese Beweging (NDB=ANC en andere) en is ook die "leitmotif" binne die groter ideologiese raamwerk.

- Die toepassing hiervan is dikwels uiters pragmaties (situatief) om tred te hou met die eiesoortige Suid-Afrikaanse konteks en veranderinge binne hierdie konteks.

- Die NDR is die grondliggende raamwerk (paradigma van denke) waarbinne die "broad church" van die ANC dink en konsensus oor sake bereik. (Die Polokwane Konferensie was 'n sprekende voorbeeld juis hiervan!)

- Die toepassingskonteks van die NDR moet voortdurend hervertolk word om die sukses hiervan (al dan nie) te bepaal en om aansluiting te vind by veranderende (lees nuwe) omstandighede. (Daarom word **Strategy and Tactics** by elke Nasionale Konferensie van die ANC opnuut hersien!)

- Ideologies put die NDR uit komplekse denke en strominge ten opsigte van die teorie en praktyk van rewolusie. byvoorbeeld Klasieke Marxisme, Leninisme,

Stalinisme (veral die idee van "revolution from above") en Maoïsme[1] asook denke ten opsigte van dekolonisasie en eksistensialisme.

Met veral laasgenoemde punt in gedagte, is die doel van die onderhawige geskrif om lesers in staat te stel om die NDR as die "harde kern" van die ANC, maar ook regeringsdenke rakende die Suid-Afrikaanse politiek, ekonomie en samelewing, beter te verstaan.[2]
Hoewel hierdie aanbieding talle strategiese aspekte van die Suid-Afrikaanse politiek sal aanraak, moet dit nie verwar word met 'n strategiese analise van die makropolitieke omgewing en scenario-ontleding van die Suid-Afrikaanse politieke situasie nie. Die primêre doel is slegs om 'n perspektief op die siel van die Nasionale Demokratiese Beweging en in besonder van die ANC te verkry.

Fokuspunte van die stuk sluit in:

- Rewolusie as konsep en die toepassing daarvan binne die raamwerk van die NDR.
- 'n Strukturele ontleding van die NDR. Onbegrensde
- Die dinamiek van die NDR.
- Die toekoms van die NDR.

2 ***DIE KONSEP REWOLUSIE EN DIE NASIONAAL DEMOKRATIESE REWOLUSIE***

2.1 Die konsep Rewolusie

Rewolusie as begrip is afgelei van die Latynse woord *Revolutio* wat omwenteling, terugwenteling of rotasie beteken. Soos in die geval van ander politieke terme (byvoorbeeld demokrasie en ontwikkeling) het rewolusie oor die eeue heen verskeie konnotasies (betekenisse) op die lyf geloop wat nie hier uiteengesit kan word nie. Vir doeleindes van die analise word slegs daardie sake belig (dit wil sê 'n capita selecta-benadering) wat daartoe sal bydra om die NDR beter te verstaan.

Die bekende Amerikaanse politieke wetenskaplike S. P. Huntington (1968:264) definieer 'n rewolusie as "*(a) rapid fundamental and violent domestic change in the dominant values and myths of society, in its political institutions and social structure, leadership and government activity and policies*." Hierdie konseptualisering sluit aan by Pettee (1971:3) se omskrywing van rewolusie as *"... a reconstitution of the state*." Rewolusies word onderskei van rebellies, staatsgrepe en onafhanklikheidsoorloë as gevolg van die groter politieke omvang daarvan sowel as die verreikende implikasies wat dit vir bestaande instellings inhou. 'n Prominente

[1] Eksistensialisme kan voorgehou word as 'n filosofiese beweging waarvolgens individue (eerder as owerhede of instellings) hul eie heil en lot bepaal binne 'n raamwerk van onbegrensende vryheid (lees ook rewolusie). Hiervolgens definieer jou handeling jou identiteit en bestaan. 'n Belangrike eksponent van die eksistensialisme J P Sartre (*Critique of dialectical reasoning*) het 'n integrasie tussen Marxisme en eksistensialisme bewerkstelling met rewolusionêre handeling as 'n kern-fokuspunt terwyl Frantz Fanon (*The wretched of the earth*) – 'n student van eersgenoemde – hierdie integrasie van toepassing gemaak het op dekoloniale prosesse in Afrika en veral die Algerynse Rewolusie (1960).

[2] Daar moet in gedagte gehou word dat die NDR tot in die hart van die Nasionale Demokratiese Bewegings gedefinieer is, maar dat ander denke soos liberalisme, neo-liberalisme en ander vorme van sosiaal-demokratiese perspektiewe ook binne die raamwerk van die "Broad Church" bestaan.

onderskeiding binne die Huntington-denkraamwerk is dié tussen **volledige** en **onvolledige** rewolusies. Hy (1968:266) wys daarop dat "*(A) full scale revolution thus involves the rapid and violent destruction of existing political institutions, the mobilisation of new groups into politics, and the creation of new political institutions.*" Rewolusies soos dié in Rusland (1917), Vietnam (1974), Kuba (1959), Algerië (1960) en China (1948) word as volledig beskou omdat gevestigde politieke instellings en stabiliteit gevolg het op die periode van onstabiliteit gedurende die rewolusie. Hierteenoor word byvoorbeeld die Franse Rewolusie van 1789 as onvolledig beskou omdat die uitkoms gebrekkige institusionalisering was asook die aanwesigheid van patrone van politieke onstabiliteit wat op die rewolusionêre verandering gevolg het.

'n Verdere onderskeid wat getref word, is dié tussen **klassieke** en **moderne** rewolusiepatrone (soms voorgehou as rewolusionêre oorlogvoering). Waar klassieke rewolusies die patroon gevolg het van **die ineenstorting van die ou bewind, die mobiliseer van nuwe groepe in die politiek en daarna nuwe politieke instellings** (Frankryk, 1789 en Rusland 1917), is die moderne patroon bykans die omgekeerde van bogenoemde. Moderne rewolusies (soms ook na verwys as rewolusionêre oorlogvoering) begin **met die mobiliseer van politieke steun, dan volg die uitbreiding van politieke deelname, die skep en vestiging van alternatiewe politieke instellings** waarna die ***politieke oorname*** eers gewelddadig plaasvind. Laasgenoemde fase is uiters gewelddadig en kan die vorm aanneem van 'n konvensionele veldslag waardeur alternatiewe strukture beheer van die betrokke staat bekom. Hierdie (moderne) kategorie rewolusies is meestal **volledig,** soos bewys is in die gevalle van China (1948), Vietnam (1974) en Kuba (1960). Moderne rewolusionêre oorlogvoering was die patroon wat die ANC se "struggle" aangeneem het tussen 1961 en 1993, maar is nooit voltrek om as 'n "volledige rewolusie" beskou te kon word nie. Daarom het die ideaal van rewolusie bly voortleef in die konteks van die NDR en gevestig geraak binne die politieke denkraamwerk van die ANC en word teorie en toepassing vyfjaarliks (tydens Nasionale Konferensies) hersien. Die idee van Rewolusie (die NDR) leef gevolglik voort binne organisasies soos die ANC en in die gemoedere van sy ondersteunerskorps waarvan talle meen dat dit nog nie volledig voltrek is nie. Wanneer laasgenoemde dokument en die ontwikkeling daarvan bestudeer word, is die invloede van Marxisme, Leninisme, Stalinisme en die toepassings hiervan binne die Afrika- en Suider-Afrikaanse kontekste belangrik. Enkele aspekte van bogenoemde denkraamwerke en hul neerslag ten opsigte van die NDR word kortliks aangetoon.

2.2 Klassieke Marxisme en rewolusie

Die filosofiese/ideologiese grondslag van die moderne rewolusie word dikwels herlei vanuit Marxistiese perspektiewe en denke wat hierop voortgebou het. Die volgende aspekte, as uitvloeisel van Klassieke Marxisme, word kortliks uitgelig, aangesien dié denke 'n belangrike groeibodem is waarop die NDR wortel geskiet het:

- Die mens is 'n produk van sy/haar geskiedenis (begunstigde of slagoffer) en funksioneer histories-deterministies binne sodanige raamwerk. (Uitgangspunt: *I am, therefore I think!)*

- Die geskiedenis het verskillende fases (primitiewe samelewing, kommunisme, slawerny, feodalisme en kapitalisme) en baan sy weg ooreenkomstig die beginsels onderliggend aan **dialektiese en historiese materialisme** op grondslag van klassestryde en uiteindelik rewolusie op pad na 'n sosialistiese utopie.

- Enige samelewing bestaan uit 'n onderbou (**kragte van produksie**, byvoorbeeld grond, kapitaal, arbeid, onderneming en tegnologie asook die **verhoudings van produksie**, dit wil sê sosiale klasse) wat die grondslag bied vir die **superstruktuur** (bobou) van die samelewing met inbegrip van sake soos die kunste, regte, geloof, regering en waardes. Daarom moet die onderbou verander alvorens die bobou kan aanpas om die geslaagde uitkoms van die rewolusie te verseker. ('n Veranderde bobou sonder 'n getransformeerde onderbou is daarom kosmeties en van nul en gener waarde!) Hierdie perspektief word dikwels op Suid-Afrika van toepassing gemaak en is veral tydens die Polokwane Konferensie van die ANC telkens as vertrekpunt gebruik om politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede te beskryf en hiervolgens teenstrategieë in belang van die rewolusionêre ideaal te formuleer.

- Kapitalisme dra volgens hierdie beskouing die saad van sy eie ondergang omdat die sosiaal-politieke en ekonomiese stelsel die armes (die proletariaat) vervreem, 'n klassestryd dus in die hand werk wat dan tot die rewolusie van die proletariaat sal lei. (Volgens dié denke is die Rewolusie dan ook **histories noodwendig**!)

- In die oorgang van Kapitalisme na Sosialisme (dit wat volg op die rewolusie) kom die diktatuur van die proletariaat tot stand met die volgende take:

    - Die uitwissing van alle klasseverskille binne samelewings.

    - Alle opposisie, weerstand en teen-rewolusionêre kragte moet uitgeskakel of geneutraliseer word.

    - Die bevordering van 'n sosialistiese etiek binne samelewings (byvoorbeeld integrasie, versoening en gelyke verdeling van hulpbronne).

Dit was egter Vladimir Lenin wat gepoog het om Marxisme in Rusland van toepassing te maak wat 'n eiesoortige bydrae tot die denke oor rewolusie gelewer het en wat ook 'n duidelike merk op die NDR gelaat het.

2.3 Leninisme en rewolusie

Die Bolsjewistiese Rewolusie van 1917 het gepoog om voorgenoemde Marxistiese idees prakties toe te pas. Om teorie (Marxisme) en praktyk (Kommunisme) met mekaar te versoen het beide Lenin en Stalin tradisionele Marxisme aangepas en waarde toegevoeg tot die breër denke oor rewolusie wat, soos die klassieke Marxisme, ook sy weg gevind het na die denke rakende die NDR in Suid Afrika.

In noue aansluiting by die beskouing van die Duitse militêre strateeg Karl von Clausewitz (Vom Kriege) dat oorlog die voortsetting is van buitelandse beleide deur van ander middele (militêre mag) gebruik te maak, herfokus Lenin die perspektief tot: *"War for a communist state is the continuation of the revolution by other*

means". Oorlog en rewolusie verwerf daarom dieselfde status en betekenis, uitgaande van die veronderstelling dat die doel hiervan die middele heilig (Lass, 1976:61).

Vladimir Lenin se bydrae het verder ook gelê in die beklemtoning van die rol van die sogenaamde "**Vanguard" Party** (die Bolsjewistiese en later Kommunistiese Party). Hierdie party, bestaande uit voltydse rewolusionêre, moes die klimaat vir die rewolusie bevorder, die rewolusie deurvoer en die diktatuur van die proletariaat vestig by wyse van 'n demokraties-sentralistiese (lees party) raamwerk. Lenin verklaar dan ook: "*Democracy for the vast majority of people, and suppression by force, i.e. exclusion from democracy, of the exploiters and oppressors of the people – this is the change democracy undergoes during the transition from capitalism to communism*" (Vladimir Lenin soos aangehaal in Wikipedia, 2008:2). Met sy definiëring en toepassing van kommunisme het Lenin die grondslag gelê vir wat later as Stalinisme bekend sou staan.

2.4 Stalinisme en rewolusie

Met die uitgebreide taak en rol van die Kommunistiese Party, soos deur Lenin verwoord en geïnisieer, het Stalin die party as die primêre rewolusionêre agent gevestig en sodoende die lewe geskenk aan die konsep **"revolution from above**". Omdat industrialisering in Rusland nog nie met Stalin se oorname bereik is nie, die proletariaat baie beperk aanwesig was en die "Rewolusie" gekom het voor die fase van kapitalisme, het die Kommunistiese Party op 'n "top-down" wyse as argitek van die sosiale rewolusie opgetree. Stalin se eerste vyf jaar plan (voorgehou as rewolusie van bo) was 'n direkte poging om letterlik oornag sosiale ongelykhede uit te wis en industrialisering in die hand te werk. Hiervolgens het die staat (lees die Kommunistiese Party) volledig beheer geneem van die ekonomie – dit wil sê die handel, industrie en veral die landbou. Alle ekonomiese aktiwiteite (forces of production) is genasionaliseer, en sowat 25 miljoen kleinboere is verplig om hul eiendom prys te gee en op staatsbeheerde plase te begin werk. Groot grondeienaars (kulaks) en diegene wat nie wou saamwerk nie, is tereggestel of na Siberië verban. [3]

'n Ander Stalinistiese perspektief wat sy weg na die NDR gevind het, is die verband tussen "rewolusie" en "hervorming". Myburg (2003:3) som Stalin se strategiese perspektief ten opsigte van hierdie verband so op: *"The reformist will accept reforms in exchange for buying into the system. For the revolutionary, though, they are merely an instrument "for disintegrating [bourgeois] rule" and for strengthening the revolution into a strongpoint for the further development of the revolutionary movement".* Toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks, word die 1994-verkiesing deur talle gesien as slegs 'n gunstige taktiese posisie vir die bereiking van die groter strategiese doelstellings van die NDR.

Die konsep van rewolusionêre oorlogvoering (bevrydingsoorloë), soos ontwikkel deur Mao Zedong, Giap, Giavarra, Castro en ander, het die werkswyse geword

[3] . Hierdie "revolution from above" was grootliks onsuksesvol aangesien bykans 5 miljoen Oekraïniërs tydens 1932–1933 alleen van die honger gesterf het. Sosiale onstabiliteit deur die "rewolusie" meegebring is, het gelei tot die dood van 14,5 miljoen kleinboere. Die feit dat geen produksieteikens behaal is nie, het Stalin nie verhoed om sy tweede en derde vyfjaarplanne (onderskeidelik 1933–1938 en 1938–1943) van stapel te stuur nie. Na die Tweede Wêreldoorlog is die benadering van "revolution from above" onder die vaandel van wêreldwye kommunisme (met Kommunistiese partye aan die voorpunt) in talle Oos-Europese state, maar ook buite Europa in veral die ontwikkelende wêreld, van stapel gestuur.

waarvolgens kommunistiese bedelings wêreldwyd gevestig word. Sedert 1961 (met die stigting van Umkonto we Sizwe) het die ANC wat aanvanklik baie gematigd was, deel van hierdie groter rewolusionêr ideologiese oriëntasie geword. Sodoende het hierdie idee-raamwerk en sy praktiese vergestalting deel van die NDR geword en leef dit steeds voort in die harte van talle – veral ANC ondersteuners. Die invloed van die denke van Mao Zedong ten opsigte van die NDR kan ook nie onderskat word nie.

2.5 Maoïsme en rewolusionêre oorlogvoering

Dit was veral die denke van Mao Zedong en die groot uitwerking wat dit op die teorie en praktyk van rewolusionêre oorlogvoering gehad het, wat duideliker beklemtoon moet word. Soos wat vroeër die geval was met Klasieke Marxisme, word slegs enkele aspekte van 'n komplekse denkraamwerk, bekend as Maoïsme, aangeraak, maar wat kan bydra tot 'n beter begrip van die NDR. Maoïsme kan beskryf word as die uitbouing van Marxisme-Leninisme ten einde kommunistiese ideale in China te vestig. Mao Zedong, allerweë beskou as die vader van rewolusionêre oorlogvoering, het suksesvol daarin geslaag om bestaande militêre, politieke en psigologiese beginsels saam te voeg in 'n nuwe saamgestelde militêr-politieke strategie bekend as rewolusionêre oorlogvoering. Wesenlik dui dit op die versmelting van guerrilla-oorlogvoering en sielkundige oorlogvoering. Met Rewolusionêre Oorlogvoering word bedoel *"...'n rewolusionêre aksie ... (gerig op) die totale vernietiging van 'n bestaande politieke stelsel en 'n bestaande sosiale orde, en dan die vestiging van algehele nuwe orde met andersoortige waardesisteme"* (Lass, 1976:34).

Anders as Marx en Lenin wat die stedelike proletariaat as die primêre revolusionêre werktuig voorhou, ken Mao hierdie rol toe aan die kleinboere. Die Chinese Rewolusie kan daarom getipeer word as 'n rewolusie van die kleinboere. Juis daarom was grondhervorming een van die middele wat suksesvol aangewend is om die massas te mobiliseer – 'n aspek wat hoog op die agenda van derdewêreldstate en ook die NDR staan.[4] Die volgende aspekte van die Maoïstiese denkraamwerk help om groter duidelikheid te kry aangaande die NDR:

- *"The people and the people alone are the motive force of world history"* (Mao Zedong, soos aangehaal in Lass, 1976:87).

- Soos ander Marxiste en Leniniste beklemtoon Mao die historiese noodwendigheid van oorlog as die aangewese middel tot rewolusie (Lass, 1976:87) [*"Political power grows out of the barrel of a gun"].*

- Binne hierdie denkpatroon word politiek beskou as oorlog sonder bloedvergieting, terwyl oorlog politiek is met bloedvergieting. (Politiek as oorlogvoering sonder bloedvergieting het raakpunte met Stalin se beskouing van "rewolusie van bo").

- Die wêreld is 'n "eenheid van teenstellings" (tese vs antitese) wat deur rewolusie en oorlog tot sintese verenig word. [Hierdie perspektief sluit ten

[4] Binne die raamwerk van die NDR word grondhervorming in SA tans as 'n sleutelprioriteit van die rewolusie beskou. Hierdie perspektief bied ook 'n ideologiese verklaring vir Robert Mugabe se sogenaamde *'land grab'* en pogings om kleinboere ooreenkomstig Maoïstiese beginsels te vestig. Die *Expropriation Act 63* van 1975 word tans hersien om onteiening van grond in privaatbesit te vergemaklik.

nouste aan by die dialektiese en historiese materialisme van Marx.] Mao Zedong (1963:76) beskou oorlog dan ook as *"...the highest form of struggle for resolving contradictions ... between classes, nations, states or political groups..."*

- Rewolusionêre oorlog beweeg deur verskillende fases waarin strategie en taktieke (offensiewe en defensiewe beplanning) só gekombineer word om die gewenste rewolusionêre uitkomstes te verseker. [Mao se rewolusionêre stryd kan in drie fases onderverdeel word, naamlik: die geboorte en organisasie van die rewolusionêre beweging; guerrilla-oorlogvoering; mobiele oorlogvoering en oorwinning][5]. Die pragmatisme eie aan Maoïsme word goed geïllustreer aan die hand van die volgende aanhaling: *"The only entirely correct proposition is that a revolutionary or a revolutionary war is an offensive* (in politieke betekenis bedoel) *but also involves defence and retreat* (in militêre betekenis bedoel). *To defend* (strategies) *in order to attack* (takties), *to retreat* (strategies) *in order to advance* (takties), *to move against the front* (strategies), *and to take a roundabout route in order to get on to the direct route – this is inevitable in the process of development of many phenomena, especially military movements"* (Mao Zedong, soos aangehaal deur Lass, 1976:109).

- Op politieke vlak word die oorlog altyd op 'n strategiese offensief gevoer. *["The revolutionary war is a war of the masses; it can be waged only by mobilising the masses and relying on them"]* (Mao Zedong, 1964:147).

- Anders as Marxisme-Leninisme is Maoïsme antiburokraties en is die bevryding van 'n onderdrukkende burokrasie 'n stryd in eie reg – aldus hierdie denkrigtings.

3 ***GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN REWOLUSIE EN DIE NDR***

3.1 Op die algemene vlak

- Rewolusies impliseer radikale, omvattende, fundamentele en gewelddadige veranderings en het as uitkoms elite-waardestelsel- en staatkundig–grondwetlike verandering.

- Die bydraes van rewolusiedenkers kan soos volg saamgevat word.

- Terwyl klassieke rewolusies hulle oor 'n korter periode afhandel, word 'n langer tydverloop geassosieer met moderne rewolusies.

- In teenstelling met klassieke rewolusies is moderne rewolusies meestal volledig.

- Die bydraes van rewolusiedenkers kan so saamgevat word:

[5] Vir volledige besonderhede oor die fases van die rewolusionêre stryd in China,raadpleeg Lass (1976:72-98).

3.1.1 Karl Marx:

- Individue word as die slagoffers van historiese prosesse voorgehou, met rewolusie as die groot bevryder en gelykmaker.
- Dialektiese en historiese materialisme dien as grondslag vir rewolusie.
- Die rewolusionêre vernietiging van kapitalisme en gepaardgaande strukture staan voorop.
- Die totstandkoming van die diktatuur van die proletariaat en die voorbereiding vir 'n sosialistiese utopie (sosiale rewolusie) volg op die politieke rewolusie.

3.1.2 Vladimir Lenin:

- Die verband tussen oorlog en rewolusie as grondliggende vertrekpunt (Oorlog word gesien as die voortsetting van rewolusie.)
- Rewolusie word as 'n wêreldwye verskynsel voorgehou. (Dit moet pro-aktief bevorder word.)
- Die "Vanguard" Party (d.w.s. voorhoede) is die instrument om die proletariaat te organiseer en te mobiliseer as 'n wêreldwye rewolusionêre instelling.

3.1.3 Josef Stalin:

- Die plek en rol van die party binne 'n politieke (rewolusionêre) ideologie waarin totalitarisme die wagwoord is.
- Die in werking stel van "**Revolution from above**" binne die raamwerk van die voorafgaande punt.
- Die aanwending van hervorming om die "rewolusie" strategies te posisioneer.

3.1.4 Mao Zedong:

- Die mense (burgery) en hul psige hou die sleutel tot politieke verandering.
- Die versmelting van guerrilla-oorlogvoering en sielkundige oorlogvoering om beslag te gee aan rewolusionêre oorlogvoering.
- Politiek is oorlog sonder bloedvergieting en oorlog is politiek met bloedvergieting.
- Rewolusie en geweld as meganisme om teenstellings (dialektieke) op te hef (sy filosofie van eenheid in teenstellings!).
- Die beklemtoning van die rol van die kleinboere (landelikes) binne 'n rewolusionêre konteks.
- Die toepassing van rewolusie in oorwegend ontwikkelende (lees landelike) samelewings en spesifiek Suider-Afrika.

- Die pragmatiese afwisseling van strategieë en taktieke op verskillende vlakke om bepaalde doelwitte/uitkomste, in serkere fases van die rewolusie te bereik.

3.2 Die betekenis van bogenoemde vir Suid-Afrika kan soos volg saamgevat word:

- Die Nasionale Demokratiese Rewolusie verteenwoordig die denke binne die raamwerk van die Nasionale Demokratiese Beweging waarin die ANC 'n leiersrol vervul.

- Die denke en toepassing word gelegitimeer vanuit die talle filosofies ideologiese denkstrominge wat rewolusie beklemtoon. In hierdie opsig sluit dit aan by Klassieke Marxisme, Leninisme, Stalinisme asook denke wat die grondslag vorm van moderne rewolusies.

- Binne die raamwerk van die NDR word Marx se klaslose samelewing vervang met 'n nie-rassige en nie-seksistiese samelewingsbeskouing as sosiale en politieke Utopie.

- Die rol van die party (ANC) is deurslaggewend in die ontplooiing van die rewolusie.

- Die NDR word pragmaties toegepas om aansluiting te vind by eiesoortige, Suid-Afrikaanse omstandighede. [Dit word dus voortdurend aangepas en op die ANC se agenda gehou!]

- Politieke hervorming en demokratisering van die laat- tagtigerjare en vroeë negentigerjare het die NDR op 'n nuwe politieke trajek geplaas en 'n onvoltooide (onvolledige) rewolusie as uitkoms gehad. Dit beteken egter nie die einde van die rewolusie nie.

- Politieke transformasie (een gesig van die NDR) verteenwoordig 'n tydelike kompromis (takties van aard) tussen die rewolusionêre beginsels onderliggend aan die "struggle" van die ANC en bondgenote en die rewolusionêre benadering soos gevolg deur die ou Nasionale Party en sy bondgenote.

- Politieke transformasie beteken (a la Mao) die voortsetting van die NDR (politiek) sonder bloedvergieting.

- Die sukses van die NDR is weereens by die Polokwane Konferensie van die ANC onder die soeklig geplaas met die argument dat hef aan nog voorlê. Strategieë en beplanning moet dus weer in oënskou geneem word om vas te stel of die uitkomstes van die rewolusie wel bereik is. Dit het by Polokwane gelei tot die verwerping van Mbeki en sy lojaliste wat te neo-liberaal en bourgeois georiënteerd is. Die aanwysing van Jacob Zuma (met 'n duidelik populistiese en sosiaal-demokratiese ondersteuningsbasis) was 'n belangrike uitkoms van die Polokwane Konferensie.

  Om laasgenoemde volledige in perspektief te plaas moet 'n strukturele ontleding van die NDR (as uitvloeisel van die vooraf geïdentifiseerde filosofies-ideologiese grondslag) in oënskou geneem word.

4 *'n STRUKTURELE ONTLEDING VAN DIE NASIONALE DEMOKRATIESE REWOLUSIE*

Die Nasionale Demokratiese Rewolusie word omskryf as *"a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people".* (Strategy and Tactics, 2007:21). Hierdie omskrywing voldoen aan die vereistes van radikaal, omvattend en fundamenteel en het as implikasie gehad **elite-, waardestelsel-, en staatkundig-grondwetlike** veranderings. Wat egter ontbreek, is die gewelddadige aard sowel as die tempo van verandering wat normaalweg met rewolusies geassosieer word. Gesien vanuit die perspektief van die Nasionale Demokratiese Beweging (en spesifiek die ANC) is die rewolusie nog aan die gang (en vêr van afgehandel) en word dit ook deur talle ondersteuners binne die NDB as onvolledig en onafgehandel beskou. Daarom word die verkiesing van 1994 en die oorname van die ANC slegs beskou as *"... (an) environment (that) provides a basis for the advancement of the National Democratic Revolution (NDR) in our country"* (Strategy and Tactics, 2007, par. 7:1). Die NDR kan beter verstaan word deur enkele vertrekpunte wat hierdie rewolusionêre beskouing ten grondslag lê, breedvoeriger te ontleed.

4.1 Die NDR as hoofaksieprogram van die NDB

As hoofaksieprogram van die NDB is die rewolusie gerig op omvangryke transformasie met die staat, die ekonomie, organisatoriese werk, en die ideologiese stryd - ook op 'n internasionale vlak. Hiervolgens word geredeneer: *"We will undertake these tasks conscious of our responsibility as one of the battalions of the global army for progressive social change, a disciplined force of the left"* (Strategy and Tactics, 2007, par. 228:19). In der waarheid impliseer hierdie beskouing *"the fundamental transformation of society"* asook *"major surgery of society and state"* waarvolgens - in die woorde van Joël Netshitenze - "*Revolution as the process"* beskryf word en *"society as the outcome"* (Msomi, 2007:21). Hier is gevolglik sprake van 'n rewolusie (voorgestel as radikale transformasie) wat geen terrein van die politiek, ekonomie of samelewing onaangeraak sal laat nie.

Uitgaande van die perspektief dat kolonialisme en apartheid bygedra het tot historiese ongelykhede binne die Suid-Afrikaanse samelewing, sal die rewolusie histories noodwendig plaasvind en sal eenheid ooreenkomstig teenstellings (a la Mao) op 'n rewolusionêre wyse voltrek word. In hierdie sig bestaan daar 'n bepaalde siening en vertolking van die verlede wat as belangrike motivering vir die NDR dien.

4.2 Die dialektiek van 'n onaanvaarbare verlede en 'n geïdealiseerde toekoms

Die motivering vir die volvoering van die NDR word telkens aangetref in 'n omskrywing van 'n uiters negatiewe beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hiervolgens word dit gestel dat *"(O)ur history has been a bitter one, dominated by colonialism, racism and apartheid, sexism and repressive labour practices*" (RDP White paper, 1994:5). Daarom op die strategiese offensief is die politieke fokuspunt *"the destruction of apartheid" en "the eradication of apartheid relations"* (**Strategy and Tactics,** 2007, par. 45:4). Nie net is apartheid 'n sosiale verwerplike kwessie nie, maar ook 'n verklaring vir onderontwikkeling of dan die gebrek aan ontwikkeling.

Om hierdie negatiewe toedrag van sake om te keer word 'n **Ontwikkelingstaat**[6] benodig met as grondslag:

- Die vermoë en kapasiteit om in te meng in die ekonomie in belang van hoë groeikoerse en ekonomiese volhoubaarheid.

- Die aanspreek van die uitdagings wat verband hou met armoede, werkloosheid en onderontwikkeling.

- Die mobilisasie van mense binne die raamwerk van 'n deelnemende en verteenwoordigende demokrasie ten einde hulself histories te bevry.

(**Strategy and Tactics**, 2007, par. 59:5-6)

Die rewolusie (NDR) en wat hiermee geassosieer word, is ooreenkomstig Marxisties en Maoïstiese leerstellings die redder en bevryder van die situasie en daarom die aanname: "*The strategic objectives of our National Democratic Revolution reflect some of the best values in human civilization"* (Strategy and Tactics, 2007, par. 151:13). Op grond hiervan maak die NDR aanspraak op die hoë morele grond, beperk die beweegruimte van enige opposisiegroep en lê die grond vir die Uhuru party en sy bondgenote om beheer te neem van die situasie en die rewolusie deurlopend (en dus ook die legitimiteit van die party) uit te bou. In terme van die rewolusionêre religie word die party (die ANC) letterlik as 'n messias voorgehou met 'n meerderheid "**lidmate**" van die "**politieke kerk**" met "**sendelinge**" (kaders) wat bereid is om historiese diens te verrig waar dit benodig word binne die groter samelewing, politiek of ekonomie. 'n Belydenis van die spreekwoordelike kerk is dat die rewolusie histories noodwendig is. Die sosialistiese Utopia word egter vervang met 'n nie-rassige, nie-seksistiese samelewing en wat hiermee saamhang in die geloof dat die rewolusie noodwendig is.

4.3 Die historiese noodwendigheid van rewolusie

In die geledere van die NDB bestaan die oortuiging (ten minste by sommige sleutel rolspelers) dat die rewolusie in 'n Marxistiese sin noodwendig is; die bourgeoisie uitgeskakel sal (moet?) word en die proletariaat polities en institusioneel (hier is sprake van 'n historiese missie) in beheer van die politiek en samelewing geplaas sal word. Aangesien rewolusies in 'n kontekstuele sin uiteenlopend van aard kan wees, moet elke rewolusie binne die eiesoortigheid van sy omgewing ten uitvoer gebring word. Vandaar die perspektief: "*The ANC must depend on itself and advance the democratic revolution* "en verder "*The fundamental law of revolution, in all its elements, also applies to our democratic revolution"* (ANC Today, August 2007:6-7). Dit is veral die sogenaamde "**Vanguard formations**" en die massa wat moet toesien dat die rewolusie op die spreekwoordelik histories gebaande weë gehou word. Omdat politieke oordrag die rewolusie in Suid-Afrika voorafgegaan het, moet die instrumente van staatsmag strategies aangewend word om die rewolusie vorentoe te voer, en word noue aansluiting gevind by die Stalinistiese denkpatroon van "**revolution from above**".

In teenstelling met klassieke rewolusies waarin hierdie proses hom letterlik oornag kan voltrek, is die NDR veel eerder 'n langtermynproses wat binne 'n eiesoortige

[6] 'n Ontwikkelingstaat word voorgehou as *"(a)n activist state that intervenes decisively in the economy with a general progressive agenda"* (Stategy and Tactics, 2007:20).

omgewing (gebaseer op die filosofie van moderne rewolusies Lenin, Stalin en Mao) ten uitvoer gebring moet word. Binne hierdie raamwerk is hier letterlik sprake van "politieke oorlogvoering" (sonder bloedvergieting) op 'n langer tydskaal – 'n aspek wat veral met Maoïsme verbind word.

4.4 'n Gefaseerde rewolusionêre proses

Reeds tydens 1992 het die Nasionale Werkskomitee van die ANC beklemtoon dat die NDR 'n gefaseerde proses moet behels waarin die onderhandelings van die negentigerjare slegs 'n fase van die groter rewolusie uitmaak en net een front van die rewolusionêre stryd verteenwoordig. By 'n konferensie van die ANC-leierskap te Broederstroom (tydens 1993) het die organisasie hom verbind tot 'n termyn van tussen 20 en 25 jaar om die strategiese doelwitte van die NDR suksesvol te volvoer. Myburg (2003:4) som hierdie benadering en strategie soos volg op: "*The ANC could make confessions at each different phase in the knowledge that over time (and once the balance of forces had shifted far enough in their favour) they could be discarded. It is this patience that many commentators confused with moderation."* Die behendige ontplooiing van taktieke om die NDR in 'n strategiese sin vorentoe te neem is daarom van sleutel belang – nie net om die rewolusie te beskerm nie, maar ook om dit uit te bou.

Ooreenkomstig die denke van Stalin en Mao Zedong is onderhandelinge en hervorming slegs tydelike fases binne die groter rewolusie waarin 'n bepaalde balans van kragte tot stand gebring word (takties van aard) ten einde die NDR te bevorder. Laasgenoemde beteken dus die bewerkstelliging van "**magsewewigte**" op kritieke punte wat die rewolusie kan bevoordeel. Politieke alliansies, kompromieë en ooreenkomste (die regering van nasionale eenheid en selfs die grondwet) is daarom slegs van taktiese waarde om die groter rewolusie (en wat dit verteenwoordig) op sy historiese-deterministiese weg te hou - al neem dit soms baie lank. In hierdie opsig is die perspektief: *"We should endure that the immediate objectives we pursue do not have the effect of blocking our long term goals"* (Myburg 2003:4). Binne hierdie denkraamwerk is die doelmatige ontplooiing van strategie en taktiek van kernbelang en moet die regte "mengsel" voortdurend gesoek word om die gewensde verandering te bewerkstellig.

4.5 Strategiese en taktiese vertrekpunte van die NDR

Vroeër is reeds verwys na die kontekstuele aard van rewolusies en is die belangrikheid daarvan beklemtoon dat elke rewolusie, ten spyte van die bestaan van breër generiese beginsels, tog eiesoortig uitgevoer moet word. Ten opsigte van die NDR is hier sprake van die in werking stel van die filosofiese/ideologiese raamwerk van moderne rewolusies soos van toepassing gemaak op die eiesoortigheid van omstandighede binne die groter Suid-Afrikaanse konteks. 'n Grondliggende vertrekpunt wat strategies hanteer moet word, is die beklemtoning van politieke dialektieke (konflikte) waarin die rewolusionêre ideaal, byvoorbeeld 'n nierassige, nieseksistiese en demokratiese samelewing vooropgestel word teenoor onaanvaarbare aspekte van die samelewing, politiek en/of ekonomie! (Sake wat byvoorbeeld onaanvaarbaar is, is rassisme, apartheid, koloniale praktyke, gebrek aan integrasie ens.) Die skep van 'n eenheid met betrekking tot teenstellings (aldus Mao Zedong) behels die in werking stel van politieke strategieë en taktieke waarvan enkeles hier uitgelig word:

- Die vestiging en konsolidasie van politieke magsbasisse op elke terrein van die samelewing en hierdeur die pro-aktiewe bevordering van die groter strategiese ideaal (**'n nierassige, nieseksistiese en demokratiese Suid-Afrika**).

- Die party as die "Vanguard"-organisasie moet die onderskeie magsbasisse (soos gedefinieer binne die groter staat, samelewing en ekonomie) strategies koördineer en tot verantwoording roep indien nodig[7].

- Waar magsbasisse nog nie gevestig is nie (of na behore gekonsolideer is nie), moet ooreenkomste (met 'n taktiese, dit wil sê meer tydelike waarde) gesluit word ten einde in die toekoms in 'n beter posisie te wees om die ideale van die NDR strategies te bevorder. (`n Strategie van "**cadre deployment**" is hier van belang met, as implikasie, dat die staat, ekonomie en selfs die groter samelewing onder die gesag van die party geplaas word).

- Die oorname en konsolidasie van magsbasisse moet in 'n strategiese sin geprioritiseer word. Kort na 1994 was die instellings wat aanvanklik vir politieke oorname geteiken was (ook vir groter beheer en invloedverkryging) die Weermag, Polisie, Staatsdiens en die Openbare Uitsaaier. Sake wat deesdae hoog op die agenda is, sluit in Tersiêre Onderrig (ook onderrig in die algemeen) die transformasie van die Regbank, versnelde grondhervorming (ook die hersiening van private eienaarskap), ekonomiese bemagtiging en die transformasie van Sport. (Elke fase van die rewolusie bepaal dus sy eie prioriteite).

- Omdat die rewolusie nie oral ewe vinnig vorder nie, en magsbasisse nie oral ewe sterk gekonsolideer is nie, kan die benadering van terrein tot terrein verskil. Daarom is die afwisseling van strategiese offensiewe/defensiewe met taktiese offensiewe/defensiewe in 'n pragmatiese sin belangrik. Leierskap is daarom van besondere belang binne die sogenaamde "**Vanguard**" Party. In hierdie opsig is hier sprake van Stalin se "**revolution from above**" en Mao se toepassing van strategiese en taktiese beginsels in simbiose.

- Die herideologisering van die samelewing op die vlak van strategiese offensief om spesifiek Swart Afrikane te bemagtig (BBEE-wetgewings)[8] is belangrik asook (veral!) *"(the) liberating (of) the white community from the false ideology of racial superiority and the insecurity attached to oppressing others"* (**Strategy and Tactics**, 2007, par. 39:4).

- Die beklemtoning van simboliek is ook belangrik om aan te toon dat die rewolusie op koers is en na wense vorder. Daarom is sake soos die herdenking van die "militêre oorwinning" van Cuito Cuanavale, naamsveranderings en seremoniële terughandiging van grond belangrik om die "rewolusie" te wettig. In hierdie opsig bied 'n insident soos die Kovsie-video die geleentheid om transformasie op die gebied van tersiêre onderwys te bevorder en moet dit proaktief benut word om die rewolusionêre ideaal te verkondig. Hierteenoor geniet die groot getal plaasmoorde 'n omgekeerde

[7] Die rol van die party word later breedvoeriger hanteer!
[8] Hierdie wetgewing het swart ekonomiese bemagtiging (SEB) in die oog wat voorgehou kan word as 'n geïntegreerde en samehangende sosio-ekonomiese proses wat die ongelykhede van die verlede moet uitskakel.

simboliese rol wat byna polities verswyg word, aangesien dit negatief kan inwerk op die filosofie en toepassing van die NDR.

- Die misbruik van kleiner simboliese gebare (dexterity of tact) om potensieel ontevredenes (minderheidsgroepe, taalgroepe, beleggers ens.) tevrede te hou terwyl die lokomotief van die geskiedenis (lees die NDR) die toekoms tegemoet spoed, is takties gesproke van groot belang.

Al bogenoemde strategieë en taktieke het 'n radikaal getransformeerde samelewing as doel.

4.6 Ingrypende sosiale transformasie as uitkoms van die NDR

In aansluiting by die voorafgaande aspekte van die NDR is hier sprake van 'n ingrypende transformasie (major surgery of society and state) wat alle aspekte van die samelewing, politiek en ekonomie insluit. In Marxistiese terme is die NDR daarop gefokus "... *to eradicate the specific relations of productions that underpinned the national and gender oppression and the super-exploitation of the majority of South Africans"* (Strategy and Tactics, 2007, par. 58). Die visie vir die toekoms(die teenstelling) word soos volg geformuleer *"Our programme for social transformation must therefore ensure that it builds a better life by providing land and houses, comprehensive health and security, basic resources which include water and sanitation, human resource and capacity building, clean and safe environment, food security and an improvement in the health profile, including dealing with communicable and non-communicable diseases, causes of mortality, and sports and recreation" (*ANC, 2002 b:1).

Die vyf pilare (fondasies) van sosiale transformasie sluit in: **die staat, die ekonomie, organisatoriese werk (die party), die ideologiese stryd en die internasionale omgewing (netwerke)**. Die eindoogmerk is 'n Afrika-hegemonie waarin Afrikane ooreenkomstig die beginsel van verteenwoordigendheid (demografies van aard) die dominante aandeelhouers is ten opsigte van **eienaarskap, beheer en bestuur, asook werksgeleenthede**. Die toestand kan slegs bereik word as alle vorme van kolonialisme, apartheid en diskriminasie van die toneel verwyder word. Hierin moet die ANC as leier van die NDB 'n belangrike rol speel. Die ANC as leier (voog) van die NDR verdien skerper aandag.

4.7 Die ANC as die leier van die NDB

Die rol wat hierin aan die sogenaamde "**Vanguard" Party** toegeken word en binne 'n Stalinistiese totalitarisme uitgebou is, is die primêre verantwoordelikheid van die ANC in soverre dit die NDR aanbetref. Die volgende take verdien om uitgesonder te word:

- 'n Regeerkundige toesigfunksie ten opsigte van alle strategiese prioriteite. (Dit sluit die herposisionering van die party asook die herprioritisering van aspekte van die NDR in.)

- Die uitbouing en vestiging van politieke netwerke (nasionaal en internasionaal) ter uitbouing en bevordering van rewolusionêre en verbandhoudende ideale.

- Die koördinering van alle taktiese en operasionele planne ooreenkomstig 'n funksionele en samehangende oorhoofse strategiese plan.

- Die bestuur en koördinering van die ontplooiing van kaders op alle vlakke van die samelewing, politiek en ekonomie. Vergelyk die volgende voorstelling:


FASES VAN DIE REWOLUSIE
FASE 1
FASE 2
FASE 3
DIE ANC AS PARTY
POLITIEKE TRANSISIE (REGERING)
(1994-1997)
INSTITUSIONALISERING VAN POLITIEKE TRANSFORMASIE (STAAT)
(1997-2004)
SAMELEWING EN EKONOMIE (NIESTAATLIKE OMGEWING)
(2004 -)
Nasionale Uitvoerende Komitee
Nasionale Werkskomitee
PUK – nege provinsies
Distrikskomitees
ANC Takke (Plaaslik)
Nasionale Parlement en Regering
Provinsiale Regering en Wetgewers
Distriksmunisi-paliteite
Plaaslike Munisipaliteite
Staatsdepartemente (Alle vlakke)
Statutêre instellings
Nieregerings instellings; (Privaat; Korporatief)
Sport
Burgerlike samelewing

DIE ONTPLOOIING VAN KADERS BINNE DIE GROTER STRATEGIESE RAAMWERK VAN DIE NDR.

- Om alle instellings en belangegroepe in beide staatlike en nie-staatlike omgewings tot verantwoording te roep ten opsigte van die missie en visie van die NDR.

- Die skep en vestiging van struktuur op alle vlakke van die samelewing wat die organiseer en mobiliseer van steun op 'n permanente grondslag (nie net voor en tydens verkiesings nie), kan behartig.

- Die instandhouding en uitbouing van die ideologie van rewolusie soos onder meer in die dokument **Strategy and Tactics** vervat**.**

Sedert die politieke oorname van die ANC in 1994 kon verskeie fases in die ontwikkeling van die NDR geïdentifiseer word. Die dinamiek van die NDR word vervolgens vir aandag uitgesonder aangesien dit duidelik is dat hierdie politieke proses nog as onafgehandel beskou word.

5 ***DIE DINAMIEK VAN DIE NDR***

Die dinamiek van die NDR kan op 'n makrovlak ten beste verduidelik word deur dit as 'n politieke ideologie voor te stel.[9] Eie aan ideologiese denkraamwerke (veral waar hulle prakties geïnstitusionaliseer is) is die aanwesigheid van 'n **sosiale program van verandering** wat die onaanvaarbare aspekte van die status quo moet herskep ooreenkomstig 'n vooropgestelde politieke visie. (In die geval van die NDR is dit 'n nierassige, nieseksistiese en demokratiese Suid-Afrika). Die sosiale program van die NDR stel bogenoemde dan ook as doelwit.

Politieke ideologie kan verder voorgestel word as 'n harde kern (die beginsels eie aan die NDR) en 'n pantser (beskermgordel) wat die oorlewing en toepassing van eersgenoemde moet verseker. Hiervolgens het die harde kern 'n strategiese (permanente) waarde en die pantser (toepassings konteks) 'n takties operasionele (meer tydelike) waarde. Terwyl die harde kern konstant, stabiel en betreklik vasstaande is, is dit nie die geval met die pantser nie. Die sosiaal-politieke program (politieke leierskap, beleidsraamwerke, politieke institusionalisering ens.) vervul die rol van 'n pantser rondom die harde kern van die ideologie en poog dan om die politieke oorlewing/uitbouing hiervan te verseker. 'n Onvermoë van institusionele en politieke beleidsraamwerke om die ideaal (soos verteenwoordig deur die harde kern) ten uitvoer te bring kan lei tot aanpassings in die sosiaal-politieke program en die toepassingskonteks daarvan. Die pantser word dus aangepas (gereoriënteer) om te verseker dat die ideaal (soos vasgelê in die harde kern) nie net oorleef nie, maar ook versterk en uitgebou word. Aanpassings verseker die oorlewing en/of uitbouing van die ideologie en die toepassing daarvan. 'n Onvermoë sou kon dui op 'n gebrek aan aanpasbaarheid en dus op die tot niet gaan van die harde kern en ook die ideologie as ideologie.

Toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks kan hierdie perspektief so voorgestel word:

[9] Vergelyk Seliger, (1976) vir 'n konseptualisering van ideologie en Duvenhage (2007:2-6) vir sy model ten opsigte van die dinamiek van ideologiese denkraamwerke.



Verlede	Hede	Toekoms

DIE ONDERSKEIE TOEPASSINGSKONTEKSTE (FASES) VAN DIE NDR (1983 – 2008)

5.1 Die politieke oorgang (1983-1994)

'n Demokratiese oorgang kan beskryf word as "*(t)he change from non democratic to democratic government, usually indicated by the existence of at least one free and fair election" (Ferguson, 2006:352).* In Suid-Afrika is hierdie fase verwesenlik met die magsdelingsmodus (ook genoem "**pact or transplacement"**). Skematies kan hierdie oorgang soos volg voorgestel word:



DIE FASES VAN DEMOKRATIESE POLITIEKE OORGANG IN SUID AFRIKA (1983 – 1994)

Afrikanerbond besprekingsdokument
- Die Nasionale Demokratiese Rewolusie -

5.2 Van oorgang tot transformasie (1994-1998)

Binne hierdie konteks beteken politieke transformasie die snelle progressiewe, omvangryke en fundamentele politieke verandering van die samelewing (voortspruitend uit 'n onaanvaarbare politieke verlede) wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale ingenieurswese en politieke manipulering), soms hegemonies bedryf, met die beklemtoning van verandering in die algemeen en konflikbestuur in die besonder (Duvenhage, 2005:11).

Tydens hierdie fase word politieke transformasie die gesig van die NDR en vertoon die volgende missie-eienskappe:

- Die vestiging van demokratiese instellings wat op verteenwoordigendheid kan aanspraak maak.
- Die bewerkstelliging van 'n nie-rassige demokratiese bedeling.
- Die instel van 'n vooruitstrewende, volhoubare en ontwikkeling-georiënteerdheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse, maar ook die Pan Afrikaanse samelewing (NEPAD).
- Die toepassing van omvattende "chirurgie" "... to meet the mass revolutionary challenge", met sosiale en politieke ingenieurswese as fokus.

Kenmerkend van hierdie fase was:

- Politieke beheer oor die regering van die dag en sleutel-staatsinstellings (Polisie, Weermag, SAUK en Intelligensie).
- Nasionale versoening (regering van nasionale eenheid) as 'n belangrike taktiese (oorgangs-) plan.
- Die herstel van internasionale netwerke (polities, ekonomies en sosiaal).
- Die vestiging van 'n nuwe waardestelsel en politieke spelreëls sowel as die bemagtiging van 'n nuwe politieke elite.
- Strategiese beplanning en posisionering vir die suksesvolle uitvoering van die NDR.
- Die delegitimering van opposisiepolitiek.

(Vergelyk Duvenhage, 2007A:43)

Met bogenoemde fase voltrek, is daar oorbeweeg na die institusionalisering van politieke transformasie wat dan ook die gesig van die NDR tydens hierdie fase geword het.

5.3 Die institusionalisering van politieke transformasie (1998-2005)

Waar transformasie in die voorafgaande fase strategies ingestel is, het hierdie fase op 'n taktiese en operasioneel vlak uitdrukking probeer gee aan die groter strategiese plan. Kenmerke van hierdie fase het ingesluit:

- Beheer oor die regime (politieke stelsel) en kaderontplooiings (ook op taktiese en operasionele vlakke). Hierby word ingesluit alle strukture van die ANC, Nasionale Parlement, Provinsiale Wetgewers, Metropolitaanse Rade, Metropolitaanse Uitvoerende Rade en die Staatsdiens in die algemeen. Buite die meer formele raamwerk van die staat word ook ingesluit die ekonomie, onderwys, (wetenskap en tegnologie), sport, rekreasie, kuns en kultuur, populêre instellings asook die massa-media (*Cadre policy and deployment strategy*, 2007:4-5).
- 'n Samelewing met "twee nasies" (Thabo Mbeki) wat die dialektiek uitwys en sodoende die rewolusie legitimeer.
- Politieke rolspelers in die internasionale arena in belang van progressiewe en rewolusionêre kragte (Iran, Palestina, Libië, Korea ens).
- Die instel van die nuwe waardestelsel en politieke spelreëls met as implikasie die ontplooiing van politieke kaders in terme van die filosofie van demografiese verteenwoordigendheid. op alle vlakke van die samelewing.
- Strategiese en taktiese planne gereed vir die toepassing op letterlik elke terrein van die samelewing en waar die wetgewing uitdrukking gee aan die oorhoofse doel van die rewolusie (870 stuks wetgewing op alle vlakke tussen 1994 en 2003 maak hierdie inisiatief die mees omvangryke proses van sosiale en politieke ingenieurswese in die geskiedenis van Suid-Afrika).
- Die bykans volledige neutralisering van opposisiepolitiek as beduidende rolspeler in die politieke arena.

(Duvenhage, 2007A:43)

Sedert 2004/2005 was daar toenemend tekens van 'n politieke krisis wat die ANC verplig het om die toepassingskonteks (pantser) opnuut weer in oënskou te neem en wat voltrek is met die Polokwane Konferensie einde 2007. Hierdie fase word vervolgens kortliks toegelig.

5.4 Die politieke krisis van die ANC (2005-)

Die periode 2005 tot vandag kan met reg beskryf word as 'n krisistyd vir die NDB in die algemeen, die ANC in die besonder – maar ook vir die groter regime en staathandige bestel.[10] Met die ANC wat toenemend as 'n regime funksioneer, word die werking van die groter stelsel (en selfs die staat) negatief geraak deur politieke onstabiliteit. Aanduidings bestaan dat die krisis (wat by Polokwane tot 'n hoogtepunt gevoer is) ten minste tot die algemene verkiesing van 2009 sal voortduur. Dit is egter geensins uitgesluit dat die krisis tydens en na die algemene verkiesing kan verdiep nie, met verreikende negatiewe regeerkundige

[10] Hierdie afdeling is slegs 'n samewattende rekonstruksie van die aard en omvang van die politieke krisis op verskillende vlakke. Vir volledige besonderhede oor die aard en omvang van die krisis, raadpleeg Duvenhage (2007A:1-104).

implikasies as uitkoms. Hierdie krisis ontwikkel tans op twee vlakke, naamlik die **ideologiese** (die NDR as rigtinggewende verwysingsraamwerk en die harde kern) soos dit binne die NDB, en spesifiek die ANC, manifesteer, maar ook op die vlak van **staats-regime** wat die beleidstoepassingskonteks (die pantser) raak. Die twee dimensies van die politieke krisis kan soos volg saamgevat word:

5.4.1 Die NDR as rigtinggewende verwysingsraamwerk (die ideologiese konteks)

Prominente probleme op hierdie vlak sluit in:

- Eskalerende belangegroepkonflikte binne die sogenaamde *"broad church"* (NDB)
- Leierskapkonflikte binne die NDB en veral die ANC
- 'n Nie-getransformeerde NDB as die "Vanguard"-groepering wat die NDR moet bestuur en regeer. (Hierdie aspek raak die verhoudings en wisselwerking met die regeringregime asook ander partye!).
- 'n Toenemend disfunksionele ANC (betreffende organisasie, struktuur en dissipline) en gebrek aan leierskap om die NDR kontekstueel te fokus. (Hierdie aspek sluit in dalende lidmaatskapgetalle, die ineenstorting van takke, die ontbinding en hersamestelling van leierskapstrukture, korrupsie en nepotisme, asook finansiële wanbestuur.)
- Diepliggende ideologiese verskille oor die aard, inhoud en toepassing van die NDR. [Gumede (2005) verwys hierna as " *the battle for the soul of the ANC"*.]

(Vergelyk Duvenhage, 2006:16-21)

Dit is gevolglik nie verbasend nie dat kommentators verwys na die noodsaak van *"... a serious re-engineering of the ANC's culture, values and structure"* (Matshiqi, 2007:27) en dat die ANC reeds voor die Polokwane Konferensie 'n gespreksdokument *(Proposal on Organisational Renewal: Towards 2012)* die lig laat sien het waarvolgens die organisasie "getransformeer" moet word. Die krisis van die ANC as primêre voertuig van die NDR het egter verreikende implikasies vir die toepassingkonteks met inbegrip van regime en staat.

5.4.2 Die staatsregimekrisis (die toepassingskonteks)

Hier word veral verwys na die konteks van 'n disfunksionele staat en regime met besondere klem op:

- Suid-Afrika se gebrek aan mededingendheid in vergelyking met 55 ander state. (Volgens die *World Competitive Centre* het Suid-Afrika uit 55 state van 38ste in 2005 na 50ste posisie teruggesak. In vyf kategorieë het Suid-Afrika die swakste posisie ingeneem, te wete: arbeidsmag, beskikbare ingenieurs, doeltreffende immigrasiewetgewing, diskriminerende praktyke en werkloosheid. 'n Uiters kommerwekkende statistiek is dat Suid-Afrika se werksmag

slegs 26% van sy bevolking uitmaak, vergeleke met Meksiko (40%) en China (58%) (Van Tonder, 2007:1)

- Die krisis ten opsigte van provinsiale - maar veral Plaaslike Regering en die gepaardgaande krisis ten opsigte van dienslewering blyk 'n groterwordende probleem te word. [139 van die 284 munisipaliteite ontvang hulp ooreenkomstig "Projek Konsolideer"; 126 het geen finansiële state vir 2006 ingedien nie, en verskuldigde diensgelde het teen 2005 reeds R26 biljoen beloop het – (Fitzpatrick, 2007:11; Duvenhage, 2007A:59-60)].
- Nasionale staatsdepartemente soos Binnelandse Sake, Landbou en Verdediging wat in belangrike opsigte nie hul mandaat kon uitvoer nie.
- Politieke onstabiliteit op plaaslike regeringsvlak is die resultaat van onder meer swak dienslewering. (Disfunksionaliteit binne die Suid-Afrikaanse politieke bestel het veral op plaaslike vlak in politieke konflik en geweld ontaard. Sedert 2003 het politieke protes teen die plaaslike regeringsbedeling wat in Diepkloof (Gauteng) begin het, oorgespring na die Vrystaat (Vrede, Warden, Merriel en later ook Bethlehem, Clarens, Fouriesburg, Rosendal, Kroonstad, Bloemfontein en Winburg) om nog verder te versprei en letterlik al nege provinsies aan te tas. (Vergelyk *Duvenhage, 2004:1-2; Rademeyer & De Lange, 2005:13* vir besonderhede oor die omvang van die verskynsel). Sedert Mei 2007 was patrone van onstabiliteit aanwesig in Mamelodi-Oos, Wolmaransstad, Nelspruit, Khutsong, Matatiele, Lekwa-Teemane, Denysville, Makwassie (Lebaleng), Eersterust (Pretoria) en Ekurhuleni (Oos-Rand). (Rossouw, 2007:15).
- Die volgende kaart stel die brandpunte van konflik op plaaslike vlak tussen 2004 en 2007 voor:



- Die onderwyskrisis en 'n onvermoë om te voldoen aan onontbeerlike tekorte van hoogstaande aard en gehalte, soos mediese dokters, verpleegpersoneel, ingenieurs, argitekte, ambagslui en finansiële kundiges (vergelyk Duvenhage, 2007A:73-74).

Die positiewe ekonomie-groeikoers van ten minste die afgelope dekade is ongetwyfeld besig om te verlangsaam met eskalerende voedsel- en energiepryse wat groter druk plaas op politieke stabiliteit. Vergelyk die volgende diagram om hierdie problematiek beter te verstaan:



Die Davies "J Curve"-teorie van rewolusie

(Davies,1971:372)

HOE GROTER DIE GAPING, HOE GROTER IS DIE POTENSIAAL VIR POLITIEKE ONSTABILITEIT EN REWOLUSIE!

Teen die agtergrond van bogenoemde is dit duidelik dat die NDR bepaalde aanpassings sal moet maak, veral ten opsigte van die toepassingskonteks, om sodoende die NDR op koers te hou. In 'n sekere sin het die Polokwane Konferensie reeds die weg begin voorberei en word daar vervolgens aan die toekoms van die NDR aandag gegee.

6 ***DIE TOEKOMS VAN DIE NDR***

In 'n poging om strategiese perspektiewe (voorgestel as scenario's) te ontwikkel oor die waarskynlike verloop en afloop van die NDR, bied die bydrae van Brinton – *The anatomy of revolutions (1938)* – belangrike insigte wat hier verreken moet word. Crane Brinton se navorsing is gebaseer op die onstaan, verloop en afloop van die Engelse (1640), Amerikaanse (1774), die Franse (1789) en die Russiese (1917) rewolusies en het as uitkoms gehad 'n teoretiese raamwerk waarvolgens die verloop en afloop van rewolusies bepaal kan word. Hierdie raamwerk kan gebruik word om die waarskynlike verloop van die NDR te bepaal deur van hierdie teoretiese raamwerk gebruik te maak en die uitkomstes as scenario's voor te stel.

In sy ontleding van die verloop en afloop van bogenoemde rewolusies beklemtoon Brinton (1965:3-235) 'n aantal onderskeibare fases. Die rewolusies begin met die **verval van die ou bewind,** gevolg deur die **bewind van die gematigdes waarna die bewind van die ekstremiste** en die **skrikbewind** die weg voorberei vir 'n fase genaamd **Thermidor** (vergelyk Brinton, 1965:121-147; 148-175; 176-204; 205-236). Volgens Brinton (1965) se verloop en afloop van rewolusies verteenwoordig die Russiese Rewolusie (1917), (terloops 'n rolmodel vir die ANC), 'n belangrike uitsondering op hierdie reël. Hierdie uitsondering is geleë in die feit dat laasgenoemde rewolusie nooit 'n terugkeer na stabiliteit en gematigdheid (Thermidor) gehad het nie en dat hier eerder sprake is van 'n **permanente rewolusie** of **aaneenlopende skrikbewind**.

Wat die verloop en die afloop van die NDR betref laat dit die politieke omgewing (met die uitsondering in gedagte) met twee scenario's:

- Die fase van groter gematigdheid (Thermidor) met die bewind van die Ekstremiste en Skrikbewind iets van die verlede.
- Die fase van gematigdheid is nou iets van die verlede met ekstremistiese leierskap (Jacobyns) en selfs 'n Skrikbewind (permanente rewolusie?) op die horison.

Hiervolgens kan die twee scenario's ooreenkomstig die Brinton-teoretiese raamwerk só voorgestel word:



SCENARIO-VOORSTELLINGS VAN DIE TOEPASSINGSKONTEKSTE VAN DIE NDR OOREENKOMSTIG DIE BRINTON TEORIE

6.1 Scenario 1: Thermidor gematigd

6.1.1 Konteksbeskrywing:

Hierdie scenario stem meer ooreen met die huidige omstandighede binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing (staat en regime) wat 'n meer radikale toepassing aan die NDR (ten minste op hierdie tydstip) onwenslik maak. Die harde logika van die rewolusionêre stryd word verwater deur pragmatiese (kontekstuele) oorwegings wat sterker vooropgestel word. Hierdie benadering is gelyk aan dié van Mao Zedong: "*let a hundred flowers bloom",* wat onlangs só deur die ANC vertolk is:

"The democratic revolution instituted various measures to transform this machinery and change its personnel peacefully and gradually, without resorting to the Jacobin option. Essentially, it relied, instead, on persuasion and financial incentives". En verder: "*We acceded to power in a situation in which, naturally, many institutions in*

our country, including business, the universities, the media and other sectors were inspired by political and ideological perspectives with which we disagreed. Deliberately, the democratic revolution did not use state power to suppress these perspectives. Rather we adopted the position – let a hundred flowers bloom: let a hundred schools of thought contend!" (ANC, 2007:8-9). ('n Toespraak met die titel *"let a hundred flowers bloom"* is in 1956 deur Mao Zedong gelewer waarin konstruktiewe kritiek teen die staat en Kommunistiese Party in China versoek is. Dit is teen Julie 1957 opgeskort, en kritici het hieroor onder skoot gekom wat deur sommige as 'n "politieke hinderlaag" beskou is).

Hierdie perspektief van die ANC gee aan die rewolusie 'n karakter wat met Thermidor (gematigdheid, realisme en pragmatisme) verbind kan word. Die volgende kan as die grondliggende vertrekpunte van hierdie scenario aangedui word:

6.1.2 Vertrekpunte:

- Omstandighede binne die Suid-Afrikaanse en ander politieke kontekste is tans teen die radikale toepassing van die NDR.
- Die ANC het histories gesproke 'n tradisie van gematigheid wat nie nou verander kan word nie.
- Die grondwet en ander dokumente (byvoorbeeld die gematigdheid van die *Freedom Charter*) weerspreek 'n meer radikale toepassing van die NDR.
- Internasionale netwerke en veral ekonomiese belange kan skade ly indien die NDR op 'n radikale wyse toegepas word.
- Verdeeldheid binne die raamwerk van die NDB oor die toepassing van die NDR dui op die behoefte aan 'n meer gematigde benadering op hierdie tydstip.
- Die disfunksionaliteite van instellings maak versnelde transformasie onhoudbaar en eerder "rewolusie " "deur middel van ewolusie" moontlik.

6.1.3 Uitkomstes:

- 'n Politieke omgewing wat bevorderlik is vir groter stabiliteit, ekonomiese groei en ontwikkeling.
- Minder druk op openbare instellings om funksioneel te presteer.
- Groter politieke weerstand links van die politieke sentrum wat tot patrone van groter politieke onstabiliteit kan lei.
- Die gevoel dat die NDR "uitverkoop" word en dat die ANC-regering eintlik 'n groep "verraaiers" is wat lojaal staan teenoor die neo-liberale dogma van globalisering.

6.2 Scenario 2: Jakobyns radikaal

6.2.1 Konteksbeskrywing

Hierdie scenario beklemtoon dat ooreenkomstig die logika van die ideologie van rewolusie (lees die NDR) slegs die gemagtigde fase van die rewolusie nou afgehandel is en dat 'n meer radikale fase vervolgens betree sal word. Ideologiese eerder as pragmatiese oorwegings is hier deurslaggewend. Dit beteken onder meer dat die "Vanguard" Party (die ANC) sterker beheer sal moet neem van die politieke situasie om die doelstellings van die rewolusie op 'n versnelde wyse te bewerkstellig. Hiervolgens het gebrekkige transformasie-suksesse niks te make met die geldigheid van die harde kern van denke oor die NDR nie, maar eerder in die gebrekkige toepassing van bestaande beleidsraamwerke. Daarom moet die toepassingskonteks meer (Jakobyns) radikaal wees en kan 'n meer permanente skrikbewind (na aanleiding van die Russiese Rewolusie) nie uitgesluit word nie.

6.2.2 Vertrekpunte

- Die ideologie van die NDR het nou 'n "kritieke magsewewig" bewerkstelling wat 'n volgende fase van die rewolusie moontlik maak.
- Die logika van die ideologieë sowel as gebrekkige transformasie suksesse (veral ekonomies) hou in 'n meer radikale en daadkragtige toepassing van die ideologie.
- 'n Konsekwente en meer radikale toepassing van die NDR sal help om die verdeeldheid binne die NDB te besweer.
- Weerstand teen radikale transformasie moet sterk teegestaan word.
- Die ideologie van rewolusie moet in 'n kontekstuele sin verder ontwikkel en verfyn word om die eiesoortige eise van die Suid-Afrikaanse omgewing beter te hanteer.
- Politieke transformasie sonder ekonomiese en sosiale transformasie is kosmeties en niksseggend van aard. (Daarom moet ekonomiese en sosiale transformasie vooropgestel word in die nuwe fase!)
- Radikale simboliek is belangrik tydens hierdie fase van die rewolusie. (Naamsveranderings, retoriek en ander vorme van politieke simboliek is hier van toepassing).
- Die rewolusies duur voort en verskaf 'n ideologiese grondslag vir die organisasie en mobilisasie van politieke steun. (Nasionaal en Internasionaal).

6.2.3 Uitkomstes

- 'n Politieke omgewing wat ooreenkomstig sosiale en politieke ingenieurswese tot die uiterste gevoer word.
- Groter politieke weerstand regs van die sentrum (minderheidsgroepe).
- Meer druk op die openbare sektor om te presteer en aan verwagtinge te voldoen.
- Beperkte ekonomiese groei en 'n onvermoë om aan groterwordende sosiale en ekonomiese verwagtings te voldoen.
- Die rewolusie is die fokuspunt betreffende politieke konsensus binne die NDB.
- Minder neo-liberale denke en meer demokratiese sentralisme kom na vore.

7 ***EVALUERENDE PERSPEKTIEWE***

By die Polokwane Konferensie het die ANC as regeringsparty hom opnuut verbind tot die filosofie en etos van die NDR en die voorneme beklemtoon om die rewolusie konsekwent en in 'n hoër rat ten uitvoer te bring. Trouens, die steun vir Zuma en sy populistiese beleidsrigtings word juis vertolk as 'n mosie van vertroue in die grondbeginsels van die NDR soos dit hier uiteengesit is.

Rewolusies beteken radikale, omvattende fundamentele en gewelddadige veranderings met as uitkoms elite-, waardestelsel- en staatkundig-grondwetlike verandering. Ingebed in die filosofie van rewolusiegeweld gegrond op die denke van Marx, Lenin, Stalin en Mao, voldoen die NDR aan die vereistes waaraan rewolusies gemeet word, met die uitsondering van die nie-gewelddadige aard hiervan tot op hede. (Tydens 'n meer radikale fase, soos voorgestel, en die slegte-saak-scenario kan meer geweld nie heeltemal uitgeskakel word nie). Die NDR bepleit in wese radikale transformasie met as visie 'n nie-rassige, nie-seksistiese, verenigde demokratiese samelewing waarin welvaartverdeling sterk op die agenda is.

Die NDR vorm die hoofaksieprogram van die NDB en kan as 'n dinamiese proses van verandering voorgehou word (*a democratic society ... (as) a conscious construct)* wat in fases voltrek moet word met verrekening van kontekstuele faktore. Die rewolusie moet dus deurlopend ideologies uitgebou word om te voldoen aan die eise van die Suid-Afrikaanse omgewing.

Die ontplooiing van die NDR het dan ook (ooreenkomstig hierdie beskouing) in fases plaasgevind soos die politieke transisie (1983 – 1993), van oorgang tot politieke transformasie (1994–1997), die institusionalisering van politieke transformasie (1997–1995) en die huidige fase (2005 – 2008) wat as die politieke krisis voorgehou kan word. 'n Fokusverandering wat oor die afgelope dekade plaasgevind het, is die verskuiwing weg van politieke agendas (beheer van die regering en staat) na ekonomiese en sosiale kwessies, maar sonder om politieke beheer in die proses prys te gee.

Die aard van die huidige politieke krisis (op beide ideologiese en staats-regime-vlak) beklemtoon die behoefte aan 'n nuwe toepassingskonteks (of fase) ten einde NDR weer op koers te kry of ten minste op koers te hou.

Met die Brinton-teorie as verwysingraamwerk kan die toekoms van die NDR as meer Thermidor Gematigd of Jakobyns Radikaal voorgehou word. Hoewel argumente bestaan om beide toekomvisies te motiveer is daar tans veelvuldige getuienis wat dui op 'n meer radikale toepassing van die NDR.

Nieteenstaande die geldigheid van Helen Zille se identifisering van die NDR as 'n grondoorsaak van talle probleme, is die leierskorps van die ANC tans vêr verwyderd van die perspektief van Roskin (2003:373) wat dit stel dat: *"The crux of revolutionary thinking is that it is possible to remake society. Without that, few would bother to make revolutions. With the discovery that remaking society leads to terrible difficulties and poor results, the revolutionary dream dies".*

8 ***Bibliografie***

ANC. 1997B. Cadre policy and deployment strategy: http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo/articles/cadrepolicy.html Date of access: 19 June 2007

ANC. 2002B. Economic transformation. http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo16/economy.html Date of access: 19 June 2007

ANC 2007. Strategy and Tactics. http://www.anc.org.za/ancdocs/history/conf/conference50/strategyamend.html Date of access: 19 February 2007

ANC Today. 2007. A Fundamental Revolutionary Lesson: the enemy manoeuvres but it remains the enemy/part 1. http://www.anc.org.za/ancdocs/anctoday/2007/at33.htm Date of access: 19 March 2008

ANC Today. 2008. We are all in this together: Budget 2008 (22-28 February 2008)

BRINTON, C. 1965. The Anatomy of Revolution. New York: Prentice Hall (revised and expanded version).

DAVIES, J.C. 1971. Towards a theory of revolution in issues in comparative politics. Jackson, R.J. &, Stein, M.B., *eds.* New York: St Martins Press.

DUVENHAGE, A. 2005. Politieke transformasie – 'n konseptuele oriëntering en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta Academia*, 37(3):1–40.

DUVENHAGE, A. 2006. Die Leierskapstryd binne die *ANC. Woord en Daad,* nr. 398.

DUVENHAGE, A. 2007. Politieke transformasie as 'n ideologiese denkraamwerk: 'n beleidsdinamiese analise en perspektief**.** *Koers* 72(3) :1-26

DUVENHAGE, A. 2007A. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n Strategiese ontleding en scenario analise. NWU: Reeks H: Intreerede nr. 214

FERGUSON, P.A. 2006. The Politics of Regime Change in a Global Era. (*In* Dyck, R., *ed*. 2006 Studying politics-an introduction to Political Science. Toronto: Thompson 349-371.)

FITZPATRICK, M. 2007. Waar daar nie 'n wil is nie. *Beeld*, 9 Januarie:11

GQUBULE, D. 2007. Mbeki's slash-and-burn macro economic policy. *Business Times* 8: 4 March.

http://www.sundaytimes.co.za/article.aspx?ID=401798 Date of access: 22 May 2007

GUMEDI, W.M. 2005. Thabo Mbeki and the battle for the soul of the ANC. Cape Town: Zebra Press.

HUNTINGTON, S.P. 1968. Political order in changing societies. London: Yale University Press.

LASS, H.R. 1976. Die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering. Potchefstroom: Sentrum vir Internasionale Politiek.

LENIN, V. 1917. The State and Revolution. http://www.marxists.org/archive/lenin/works/1917/staterev/ch05.htm#s1 Date of access:19 May 2008

MATSHIQI, A. 2007. ANC needs an extreme makeover to chart a new future. *City Press*:27, 24 June.

MSOMI, S. 2007. Broad Church: A devided house. *City Press:*21, 1 July..

MYBURG, J. 2003. Mbeki's revolutionary Nationalist agenda. *Focus* 29:2-4

PETEE, G.S. 1971. The process of revolution. New York: Howard Fertig.

RADEMEYER, A.& DE LANGE, L. 2005. Beloftes maak skuld - nie-lewering, korrupsie olie vir brandende bande *Beeld*:13, 7 Junie.

ROSKIN, M.G. et al 2003 Political Science. 8th Edition. New Jersey: Pretince Hall.

ROSSOUW, M. 2007. Wie nie wil hoor, moet maar voel. *Beeld*:15, 17 Julie.

SA **kyk** SOUTH AFRICA

SELIGER, M. 1976. Ideology and politics. London: George Allen & Unwin.

SOUTH AFRICA. Department of ???. 1994. RDP White Paper on Reconstruction and Development. 1994. Discussion Document. <http://www.anc.org.za/ancdocs/policy/white.html> Date of access: 19 May 2008

VAN TONDER, J. 2007. Staat se gesloer laat ekonomie ver agter raak. *Sake Rapport*:I, 13 Mei.

VAN TONDER, J. & UECKERMAN, H. 2007. Miljoen vakante poste in SA. *Sake Rapport*:1, 1 April.

WIKIPEDIA 2008 Vladimir Lenin http://en.wikipedia.org/wiki/Vladimir_Lenin Date of access: 11 March 2008

ZEDONG, M. 1963. Selected Military Writings. Peking: Foreign Languages Press.

ZEDONG, M. 1964. Selected Works. Peking: Foreign Languages Press.